# Hoofstuk van die dag: Esra 9

> *Ons mense en hulle seuns het getrou met nie-Joodse vrouens; hulle het hierdie volk hom laat vermeng met heidene. Leiers en ampsdraers het die voortou geneem in dié trouelose optrede. (vers 2)*

Ondertrouery met iemand wat nie 'n Israeliet was nie, was van die begin af verbode in Israel (Deut 7:3-4). Dié verbod was nie om die volk "ras-suiwer" te hou nie, maar om hulle geloof suiwer te hou. Een van die klassieke voorbeelde van hierdie geloofsontrou was koning Salomo, wat deur sy uitlandse vroue verlei is om ook húlle gode te dien (1 Kon 11:1-8).
Dat dit nie bloot om ras gegaan het nie, is duidelik uit die verhaal van Rut, 'n Moabiet. Die Moabiete was by uitstek verbode (Deut 23:6), maar Rut is aanvaar omdat sy 'n gelowige geword het (Rut 1:16).
Dit behoort vandag nog die maatstaf te wees as dit by die keuse van 'n huweliksmaat kom. Dis nie verkeerd om met iemand uit 'n ander volk of kultuur te trou nie, al plaas dit m.i. onnodige ekstra druk op 'n egpaar. Om egter met 'n nie-gelowige te trou, al is dit iemand uit dieselfde volk en taal as jy, mag nie (2 Kor 6:14 e.v.).
G'n wonder nie dat Esra gerou het (vers 3).


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026